**Dinsdag 26 September**
**Skrifgedeelte: Openbaring 21:9-27**
**Fokusgedeelte: Openbaring 21:24-27**
**Saam met God in die ewige heerlikheid**

Die nuwe volk waaroor die Here sy Gees uitgestort het, is saam met Hom op pad na 'n heerlike toekoms. Dit wat hierdie volk aanmekaar bind, is nie hulle gemeenskaplike menslike idees en maniere van doen nie. Nee, wat hulle aanmekaar bind, is hulle geloof in Jesus Christus en hoe hulle saam daaraan gestalte gee in hulle gedagtes, woorde en dade van elke dag.

In Openbaring 21 lees ons hoe dit gestalte kry aan die einde van die tyd. Johannes vertel hier van die wonderlike gesig van die bruid van Jesus Christus wat tuiskom in die nuwe Jerusalem – die stad wat vir haar gereedgemaak is. Die poorte van die nuwe Jerusalem staan na alle kante toe oop vir almal wat waarlik glo. Van oral kom hulle saam: alle nasies, tale en kulture.

In hierdie helder verligte stad is dit God Self wat saam met sy nuwe volk woon. Glansend en verruklik is die nuwe blyplek van die bruid van God versier. Met die volheid van sy rykdom het God dit vir haar gereedgemaak. Dit is Hyself wat die stad verlig met sy teenwoordigheid.

Uiteindelik is Hy en sy bruid bymekaar, finaal en vir ewig. Vir haar het Hy 'n onberekenbare prys betaal. In die simboliek van die afmetings van die stad en die hoeveelhede van die poorte en fondamente word die volheid van die volk van God uitgebeeld. Almal wat daar hoort, is daar. Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie!

Ons wat glo in die Koning van die kerk, ons wat Hom aanbid en dien, ons wat ons laat lei deur die Woord en Gees van God – dit is ons wat aan die einde van die tyd saamgeroep word om vir ewig saam met God Drie-enig sy volk te wees in die nuwe stad wat Hy gereedgemaak het.

Wat 'n heerlike vooruitsig!

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 9, 12*

*Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)*